Boodskap van die week

Vreugde in beproewing

IN ’n tyd soos hierdie is daar verskillende emosies wat ons ervaar. Sommige van ons voel bang, onseker, onrustig, bekommerd, verveeld en alleen. Ander van ons ervaar die tyd as ’n tyd van rustigheid saam met jou geliefdes en mens kom by dinge uit en in ’n ritme wat mens lanklaas gedoen het. En dan leef dit dikwels in ons gedagtes: waar kom teëspoed vandaan? Wat as dit erger word? Hoe gaan môre lyk? Gaan my beplanning vir die res van die jaar uitwerk? Gaan ons iewers binnekort darem weer as gelowiges saam kan aanbid?
Te midde van die onsekerhede kry ons die belofte dat God in beheer is, en voorsien. Jakobus, Jesus se broer begin sy brief deur gelowiges te bemoedig dat dit nie die einde is nie, maar dalk die begin van ’n nuwe pad waar die Here ons laat groei, en die feit dat ons nooit alleen gelos word nie, moet vir ons blydskap gee.

Luister hoe sê Jakobus dit:

Uit die Woord… Jakobus 1: 2 - 8

2My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. 4En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. 5As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. 6Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7-8So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wat sê dit oor God en sy plan?

1. Gestel God het by jou in jou kamer gesit, en jy vra Hom: “Here, hoekom gebeur moeilike dinge met ons?”, wat sou God antwoord?
2. Jesus het in sy versoeking vir die duiwel geantwoord: “'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.” Wat sê dit vir jou oor die manier hoe God voorsien?
3. Dink vir ’n oomblik aan die gebeurtenis toe God vir die Israeliete van kwartels en manna voorsien het, toe hulle swaargekry het in die woestyn. Wat wou God vir sy volk oor Homself leer? En oor hulle?

Wat vir vandag?

4. Watter beproewing, swaarkry of bekommernis ervaar jy nou?
5. Hoe ervaar jy dat God met jou op ’n geestelike pad is? Wat het Hy byvoorbeeld al vir jou laat besef in hierdie tyd van inperking?
6. Op watter manier voorsien God in hierdie tyd vir jou?
7. Hoe kan ons optree of reageer om vir ander mense wat swaarkry hoop te gee?
8. As jy een ding vir God kon vra, wat sou dit wees. Enige iets!

Uitgedaag…

Neem ’n besluit om iets te gaan doen of te gaan wees as jy hoor dat die Here vir jou vandag, in hierdie tyd weer kom roep om anders te wees.

Gebed: Bid “Gee ons vandag ons daaglikse brood”, en vra die Here om raak te sien hoe Hy in jou lewe besig is.

Wees Anders…

…Want Jesus is Anders…